'N NUWE MANIER VAN DINK

'n Laerskool van siersteen en sinkdak in 'n tradisionele woonbuurt vind baat by vernuwende denke. **Deur** Phillip Crafford.
Foto's: André Möller en Sven Nurmberg.

'n Skool wie se skoolwapen deur Pierneef ontwerp is, is bestem om gesien te word in die kuns- en ontwerpwêreld. Daar word gesê dat argitektuur die moeder van die kunste is, aangesien dit so baie aspekte bevat: estetika, struktuur, konstruksie, bouwetenskap, tegnologie en dan moet dit daarby nog in konteks ook wees. Ek onthou hoe die figuur in 'n Alexis Preller-skildery destyds vir die leerlinge geloer het vanwaar dit hoog teen die muur van die Afrikaans Hoër Seunskool in Pretoria se biblioteek gehang het.

Die ander kuns het my ontgaan in die dekades ná matriek, maar die enkele voorwerp van estetiese en artistieke meriete het my bygebly. En so kan 'n enkele kunswerk lewenslank 'n emosionele aanspraak bly en blywende estetiese bevrediging gee. Laerskool Pretoria Oos, 'n staatskool in Pretoria wat al meer as 80 jaar oud is, baan nou die weg vir ander staatskole met sy nuwe, vars aangesig, ontwerp deur die argiteksfirma Pieter Mathews en Vennote.

Die skool se kleurryke badkamergebou in primêre kleure met groen daarby, die naskoolsentrum met 'n taamlik terughoudende palet van gryse en rooibaksteen en die tennispaviljoen met sy drywende vloer is 'n voorbeeld van vernuwende denke. Hierdie fisiese, werklike blootstelling reeds op voetsoolvlak – die woordkeuse verwys sommer ook na die kaalvoetkinders – is miskien van groter belang as wat die virtuele en skynwêreld van die elektroniese media kan bied.

Die grondige argitektoniese beginsels in die drie nuwe geboue bied aan die leerlinge 'n sonderlinge geleentheid om self die vorms, kleurespel, lig en materiale waar te neem. Hoewel die ervaring nie dadelik gerasionaliseer kan word nie, omdat die ervaringsveld van die jong waarnemer waarskynlik nog beperk is, sal dit iewers diep weggebêre bly en op 'n dag weer na vore gebring word, sodat die destydse waarnemer homself opnuut kan plaas in die wêreld van argitektoniese ontwerp. Die oumense sou gesê het: "die saadjie is gesaai".